# HALLO. HOOGLAND

*Geloof deur liefde tot dade*



1 Februarie 2026

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za | 079 815 9325




## Baie Welkom by vanoggend se Erediens

Dis so lekker dat jy hier by Hoogland inskakel. Hoop jy voel sommer tuis in die Hoogland Geloofsfamilie en dat vanoggend vir jou 'n waardevolle belewenis sal wees.
Hoogland is 'n gemeente met warm harte wat omgee vir mekaar en ook vir elke besoeker.
Die leraar(s) wil jou graag ontmoet -
Kom maak asb. kennis na afloop van die erediens by die Gemeentedienste dame in die Voorportaal met enige navrae.
(Sy staan by die tafel by die Hoofingang.)

Gaan besoek ook Hoogland se webblad www.pehoogland.co.za sodat ons jou besonderhede kan kry en met jou kontak kan maak of skakel vir Annalize in die Kerkkantoor. Neem asseblief 'n "Nuwe Intrekkers" koevert in die brosjure vakkies.

## Program van die dag

09:00 Oggenddiens: Ds Sunell Ribbens

Hoogland het vanoggend die voorreg om **Luvé Mey** dogtertjie van Ian & Ineke te doop

10:00 GVG - in hul onderskeie lokale

*Deurkollekte: Jerusalem Ministeries*

## Algemeen

### Program vir die week:

**Dinsdag: 3 Februarie**
11:00 Gebedsaksie in die Kapel

**Woensdag: 4 Februarie**
08:45 B/fontein Bybelstudie
10:00 Gemeente Bybelstudie

**Donderdag: 5 Februarie**
18:00 Doopkursus

**Vrydag: 6 Februarie**
05:15 Mannebediening

### Dankoffers:

**Bankbesonderhede**

NG Kerk PE Hoogland
ABSA
Rek - 1400 149 980
Takkode - 632005

Ons vra asseblief enige leë glas bottels met skroefproppe en ook 2 liter roomysbakke. Kom gee gerus by die kantoor af of laat by Gemeentedienste.

### Gebedsversoeke

As gebed en stil word vir jou na aan die hart lê, nooi die Gebedsaksie jou graag om te kom saambid, vir elkeen wat 'n behoefte het aan voorbidding. Almal is welkom! **Gebedsaksie ontmoet elke Dinsdagoggend om 11:00 in die Kapel**.
Jy kan ook deel word van die *WhatsApp*-groep — stuur net **GEBED** saam met jou naam en van na Hoogland se *WhatsApp*-nommer **079 815 9325** en hulle voeg jou graag by.

### Kom geniet 'n koppie Hoogland gasvryheid ...

**Kom kuier saam!** Elke Sondag ná afloop van die oggenddiens nooi Hoogland jou vir 'n lekker koppie koffie en saamkuier in die Voorhuis — GVG-ouers is ook baie welkom terwyl julle wag. Net **'n vriendelike versoek:** Moet asseblief nie die koffie-masjien tydens die erediens gebruik nie (jy is welkom om vóór die diens koffie te maak of ná afloop van die diens te kom koffie kry). **Onthou jou donasie:** Die koffiebediening funksioneer danksy vrywillige bydraes — elke bydrae, al is dit net nou en dan, help so baie. Dankie dat jy saam deel is van Hoogland se hartklop.

## *Divorce Care* @ Hoogland

Onwillekeurig en onbeplan stap sommige van die Hoogland Geloofsfamilie die seer pad van egskeiding. Weet asseblief jy is nie alleen nie. Dagboek die datum : 21 April begin die volgende reeks van *Divorce Care*.
Stuur gerus 'n *WhatsApp* boodskap vir Aletheia Botha (082 227 7105) as jy meer inligting benodig.



## Doopkursus @HOOGLAND

### Ouers & Voornemende ouers

Indien ouers by Hoogland wil doop, of êrens van voorneme is om hul baba hier te kom doop, is 'n 4-weke doopkursus `n vereiste.

**Doopkursus datums vir 2026:**

- 5, 12, 19, 26 Februarie
- 4, 11, 18, 25 Junie
- 6, 13, 20 Aug & 3 Sept
- 8, 15, 22, 29 Oktober

Bespreek by **Leandra** in die kerkkantoor:

- Skakel - 041 367 1485
- Epos - leandra@pehoogland.co.za
- WhatsApp - 079 815 9325

Alle ouers met babas, "amper" ouers en selfs grootouers wat graag hulle kleinkinders in Hoogland wil laat doop — onthou asseblief van die verpligte Doopkursus @ Hoogland!

Indien ouers van plan is om voor Junie maand by Hoogland te doop moet hulle dadelik die Kerkkantoor kontak om aan te sluit by die Doopkursus van hierdie week begin.
Kontak gerus vir Leandra of stuur 'n *WhatsApp* na 079 815 9325.




Geloof deur liefde tot dade.

## Uit die hart …

*"The Christian needs another Christian who speaks God's Word to him."*

- Dietrich Bonhoeffer

Daar is weke wat 'n mens later nie sal onthou vir wat alles gebeur het nie, maar vir hoe dit gevoel het. Hierdie was só 'n week. Hierdie week het vir baie van ons anders gelyk as gewoonlik. Vir party was dit dae sonder krag en sonder water. Vir ander was daar net water en vir sommige het dinge grootliks normaal aangegaan.

Ongeag hoe dit vir jou was, het hierdie week baie van ons geraak, omdat die gewone dinge skielik nie meer vanself gewerk het nie. 'n Lig wat nie wou aangaan nie. Water wat nie uit die kraan geloop het nie. Planne wat elke dag nuut gemaak moes word en saam met dit die moegheid van aanhou, van aanpas en van net probeer regkom.

Hierdie week het ons weer laat besef hoe vinnig sekerhede kan skuif en hoe afhanklik ons is van dinge wat ons maklik as vanselfsprekend aanvaar. Tog, tussen al hierdie uitdagings het iets anders ook gebeur. Mense het nader beweeg. Geselsies het ontstaan waar dit andersins nie sou nie. Daar was oomblikke van saam wag, van deel, van help en van net daar wees. Nie oplossings nie. Nie vinnige antwoorde nie. Net mense wat vir mekaar ruimte gemaak het en weer laat besef het: '*Ek is nie alleen nie.*'

Juis dáár, in daardie oomblikke, was God nader as wat ons dalk besef het. Hy werk deur gewone mense en deur klein oomblikke van saamwees waar ons mekaar dra wanneer die pad te veel voel om alleen te loop.

Mag jy, wanneer jy op hierdie week terugkyk, nie net onthou wat moeilik was nie, maar ook raaksien waar God teenwoordig was - in die klein oomblikke, in eenvoudige dade en in mense wat nader gekom het toe jy dit dalk die nodigste gehad het.

Sunell

Kom gesels met Oom Pieter of Tannie Leandra as jy wil gaan saam #Imagine - dis altyd 'n onvergeetlike belewenis!



**Bespreek NOU** - by Leandra in die Kerkkantoor!

**Betaal LATER** - asseblief eers na 1 Maart 2026



# Hoogland Gemeentekamp

## 20 - 22 Maart 2026
## @ INNIKLOOF (naby Hankey)

Kampkostes

SLEGS KAMPEER plekke beskikbaar:

R150 pppn / volw

R85 pppn kinders

0/5 jaar kamp gratis

Gesels gerus met Leandra om te hoor of daar 'n huisie beskikbaar is.

Bespreek by Leandra of stuur 'n WhatsApp na 079 815 9325